# ’N ANALISE VAN *HISTORIAE* 3.25 VAN TACITUS AAN DIE HAND VAN GESELEKTEERDE BEGRIPPE UIT DIE VERHAALTEORIE

Marianne Dircksen
Randse Afrikaanse Universiteit

Klassici van die "tradisionele skool" mag skepties wees wanneer hedendaagse verhaalteorie en die analise van Romeinse of Griekse historiografie in een asem genoem word. Die vraag is of so ’n analise enige nuwe insigte sal bring in die werke wat al soveel male uitmekaar gehaal is deur sulke deurlugtige geleerdes. Sal dit die moeite loon om ’n studie te maak van die magdom verhaalteorieë wat teen ’n byna verbysterende tempo gedurende die laaste eeu die lig gesien het?

’n Tweede beswaar is dat hierdie teorieë ontwikkel is met die oog op die analise van fiksie. Die vernaamste vereiste waaraan ’n teks moet voldoen om as fiksie geklassifiseer te word, is dat dit nie ’n blote afkaatsing van die werklikheid moet wees nie (Barthes 1975:80). Die gebeure moet op ’n nuwe en oorspronklike wyse weergegee word sodat die eindproduk ’n verhaal met artistieke waarde is. Die teks wil nie bloot die inligting op die papier aan die leser oordra soos in die geval van ’n dokument of koerantberig nie. Die vertelproses self dui op ’n betekenislaag wat buite die kontroleerbare inhoud van die teks lê. Hierdie kort analise van ’n episode uit die *Historiae* sal hopelik afdoende bewys lewer dat die werk van Tacitus aan hierdie vereiste voldoen.

Ek het in hierdie "proeflopie" met enkele aanpassings gebruik gemaak van die model wat Brink (1987:45 e.v.) aan die hand doen. Die model is geskik vir so ’n eksperimentele analise omdat dit ’n baie basiese en eenvoudige "gereedskap" bied, hoofsaaklik gehaal uit die semiotiek en strukturalisme.

Miskien sou dit goed wees om heel aan die begin die mees basiese terme soos hulle in hierdie artikel gebruik sal word te definieer. Onder die "storie" verstaan ek die chronologies geordende reeks van gebeure, die eindproduk waarmee die leser gelaat word. Die "narratiewe elemente" is die gebeure, die akteurs, plek en tyd soos dit in die teks voorkom. Hierdie elemente kan op die vlak van die "storie" of die "verhaal" ondersoek word. Deur die "vertelproses" word die "storie" ’n verhaal, en die akteurs van die "storie" word die "karakters" van die "verhaal". As die "narratiewe elemente" dus op die vlak van die "verhaal" ondersoek word, word die hele vertelproses betrek, dit wil sê alles wat meewerk om van ’n storie ’n kunswerk te maak.

Dit sou onmoontlik wees om in die kort bestek van ’n artikel soos hierdie al die narratiewe elemente en hul verhoudinge na te gaan. Daarom beperk ek my tot ’n analise vanuit die hoek van die gebeure wat wel onlosmaaklik verweef is met veral die karakterbeelding. Die rol wat tyd, ruimte, die vertelproses (byvoorbeeld stilistiese inkleding) en die verteller speel, word dus nie betrek nie.

My werkswyse sal dus wees om die storie uit die verhaal te abstraheer en te ondersoek hoe die gebeure gestalte vind in die teks. Hoe is die gebeure gerangskik, en met watter doel? Van watter verteltegniek is gebruik gemaak en waarom is hierdie besondere voorstelling van die gebeure gekies?

## Die storie

Ek het hierdie besondere episode uit die *Historiae* van Tacitus gekies omdat dit ’n afgeronde geheel vorm met ’n begin, middel en einde. Die dramatiese vertelling, die rangskikking van gebeure en gebruik van die indirekte rede is tiperend van die styl van Tacitus.

## Die teks

Vagus inde an consilio ducis subditus rumor, advenisse Mucianum, exercitus in vicem salutasse. Gradum inferunt quasi recentibus auxiliis aucti, rariore iam Vitellianorum acie, ut quos nullo rectore suus quemque impetus vel pavor contraheret diduceretve. Postquam impulsos sensit Antonius, denso agmine obturbabat. Laxati ordines abrumpuntur, nec restitui quivere impedientibus vehiculis tormentisque. Per limitem viae sparguntur festinatione consectandi victores. Eo notabilior caedes fuit, quia filius patrem interfecit. Rem nominaque auctore Vipstano Messala tradam. Iulius Mansuetus ex Hispania, Rapaci legioni additus, impubem filium domi liquerat. Is mox adultus, inter septimanos a Galba conscriptus, oblatum forte patrem et vulnere stratum dum semianimem scrutatur, agnitus agnoscensque et exsanguem amplexus, voce flebili precabatur placatos patris manis, neve se ut parricidam aversarentur: publicum id facinus; et unum militem quotam civilium armorum partem? Simul attollere corpus, apperire humum, supremo erga parentem officio fungi. Advertere proximi, deinde plures: hinc per omnem aciem miraculum et questus et saevissimi belli exsecratio. Nec eo segnius propinquos adfinis fratres trucidant spoliant: factum esse scelus loquuntur faciuntque.

Die bestanddele van Tacitus se storie is die volgende: 'n gevegsituasie word geskets – die posisie van die Flaviani is gunstig teenoor dié van die Vitelliani. Antonius slaan toe. Die Vitelliani se penarie. Die agtervolging. 'n Seun vermoor sy pa. Die seun se wroeging. Die reaksie van die soldate. Hierdie gegewens vorm 'n betekenislaag, maar as die outeur die feite op 'n nuwe en oorspronklike manier rangskik en kombineer, sal verdere betekenislae uit dieselfde gegewens "uitgelees" kan word.

**Die ordening van feite**

Tacitus het die feite wat hy van Vipstanus Messala gekry het, op 'n nuwe, oorspronklike manier gekombineer. Daar is 'n inleiding waardeur die tafel as't ware gedek word (rr.1-6). Antonius tree na vore as karakter. Hy som die situasie op en slaan munt uit sy opponente se dilemma. Die verloop van die hoofverhaallyn word nou onderbreek deur die insident van die vadermoord. 'n Tweede verhaallyn ontstaan dus nou, ingevoeg in die eerste. 'n Kousale verbinding bestaan egter tussen die twee gebeurereekse. Hierdie ingebedde gedeelte vervul 'n bepaalde funksie in verhouding tot die breë verhaallyn. Met hierdie vertelling beweeg Tacitus van die algemene na die besondere en daarmee vind 'n verdieping plaas. 'n Koue objektiewe relaas van oorlogsfeite word 'n aangrypende, skokkende en hoogs emosionele ervaring. Die werklike tragedie van burgeroorlog word deur die ingebedde insident ingeskerp. Daarna keer die skrywer weer terug na die hoofverhaal.

Die verhaal van die vadermoord word ingelei deur die skokkende stelling: *Eo notabilior caedes fuit quia filius patrem interfecit*. Die chronologie word dus verbreek deurdat die aanloop en die verduideliking vir die ontstellende gebeure eers hierna gegee word. Die klimaks van die verhaal waarna daar gewoonlik opgebou word, word heel eerste geplaas. Die stelling word sonder omhaal van woorde, amper kru, gestel. Watter effek het hierdie besondere verteltegniek wat selfs vandag deur moderne outeurs ingespan word?

Ten eerste verkry die kernfeit besondere klem. In die tweede plek word die leser tot volgehoue aandag geskok. Dit laat onmiddellik vrae ontstaan wat hierna een vir een deur die vertelling beantwoord word. Hoe gebeur dit dat pa en seun aan teenoorgestelde kante veg? Watter soort mens was die seun dan? Het die seun probeer om die gode se wraak af te weer? Hoe kan ek voorkom dat hierdie verskriklike ding met my gebeur? Juis hierdie vrae wat die leser stel, laat 'n diskrepansie ontstaan tussen die teks wat gelees word en die nuwe, dieper betekenislaag wat ontvou. Tacitus dwing sy leser om op 'n sekere manier na die insident te kyk. In rr.12-15 verduidelik Tacitus die omstandighede wat gelei het tot die konfrontasie tussen pa en seun. Die loopbane van Iulius Mansuetus en sy seun was nie uitsonderlik nie. Dit kon in enige Romeinse gesin presies net so gebeur het. Die oorsaak, die euwel wat aanleiding gegee het daartoe dat 'n pa en seun as vyande teenoor mekaar staan, is waarom dit eintlik vir Tacitus gaan, en dit is waarna hy sy leser lei.

Die seun se *pietas* blyk duidelik uit reël 17, wanneer hy sy sterwende vader omhels en weer later in reël 20 wanneer hy die laaste eer aan sy pa betoon. Hierdie was geensins 'n hartelose of wrede jongman nie. Sy desperate gebed aan die gode laat die ontsteltenis verder by die leser toeneem. Vrees vir die gode kan jou ook nie vrywaar van so 'n lot nie. As 'n jongman dan deur geen skuld van sy eie daartoe gebring word om sy vader dood te maak, waar lê die skuld dan? Die leser vind die antwoord in die seun se gebedswoorde (wat niemand sekerlik woordeliks aan Vipstanus Messala oorvertel het nie): *publicum id facinus*. Die leser is nou self in staat om die seun se patetiese vraag te beantwoord. Die gewone soldaat is nie te verwyt vir burgeroorlog nie. Die skuldiges is die keisers, wat in hul magstryd Romeinse leërs teen mekaar gebruik. Ten slotte skerp die teenstelling tussen die soldate se emosionele reaksie op die hartverskeurende gebeure (*miraculum et questus*, r.23; *exsecratio*, r.24) en hul dade (*Nec eo segnius propinquos adfinis fratres trucidant spoliant*, r.24) die grusaamheid van burgeroorlog opnuut by die leser in. Tacitus verduidelik nie hul vreemde optrede aan sy leser nie. Hy laat die stelling in die lug hang. Die verklaring vir die onnatuurlike optrede vind die leser in die onnatuurlike omstandighede. Burgeroorlog dwing die mens om anders op te tree as wat sy hart en sy oortuiging vir hom sê.

As Tacitus die feite chronologies weergegee het met die vadermoord aan die einde geplaas as 'n klimaks tot die gebeure, en as hy dit wat ons "raaklees" vir ons uitgespel het, sou ons te doen gehad het met 'n geskiedeniswerk sonder artistieke waarde wat nie vir 'n analise van hierdie aard geskik sou wees nie.

Die klem verskuif in Tacitus se aanbiedingswyse van die vadermoord na dit wat daaragter lê. Die betekenis van die gebeurtenis staan nou voorop. Die gebeurtenis is maar net die bewys, die resultaat van die euwel wat aan die wortel daarvan lê.

## Verteltegniek/struktuur

Vervolgens moet ons gaan kyk in hoe 'n mate Tacitus se unieke vertelwyse bydra tot die artistieke weergawe van die gebeure. Hoe het Tacitus die afsonderlike feite aangebied, waarom word hulle op hierdie besondere wyse weergegee en watter verband bestaan daar tussen die verskillende weergawes? Kan ons hieruit op die vertikale as enige betekenislae raaklees? Hierdie ondersoek word gedoen aan die hand van die onderskeiding tussen verskillende soorte gebeure.

### 1. *Dinamies en staties*

Hierdie eerste onderskeiding word getref tussen handelinge wat 'n verandering van toestand meebring, en inligting wat 'n toestand beskryf. Aangesien hierdie passasie in sy geheel gesien dinamies van aard is, het die onderskeid slegs betrekking in soverre daarop gelet moet word dat die vadermoord, wat as dinamies beskou moet word, nie die verloop van die hoofstorie aanhelp nie maar eerder vertraag. Hier is 'n goeie voorbeeld van hoe 'n dinamiese gebeure op die vertikale as van die verhaal betekenis het. Dit bevestig en benadruk 'n waarheid waarvan die leser moontlik kan vergeet terwyl hy hom in die relaas van oorlogvoering verdiep. Vir ons doel kan dinamiese gebeurtenisse verder onderverdeel word in twee handelings-kategorieë naamlik a) verbale handeling en b) nie- verbale handeling.

(a) Verbale handelinge

Verbale handeling word meestal hier ingespan as dramatiese gegewe en om iets te sê van 'n karakter.

Die seun se ontsag vir die gode blyk uit sy vrees vir hulle straf, en soos hierbo aangedui is, is sy godvresendheid belangrik in Tacitus se weergawe. Die feit dat die seun se woorde aangehaal word, maak die vertelling dadelik meer aangrypend en werklik. Dit word inderdaad 'n drama in die kleine wanneer die karakter 'n praatrol kry. In hierdie verhaal kry die verbale handeling egter nog 'n funksie. Die outeur self begin deur die karakter praat. Dit lyk asof hy die versoeking nie kan weerstaan om na al die subtiele heenwysings, dit wat hom die naaste aan die hart lê uit te spel nie: die fout lê by die staatsbestel, nie by individuele soldate nie (rr.19 en 20).

(b) Nie-verbale handelinge

Hierdie soort handeling laat die verhaal langs sy horisontale as voortbeweeg. Die oorwinning wat die Vitelliani hier behaal, is so 'n voorbeeld. Omdat die optrede van Antonius en sy leër deurentyd met aktiewe werkwoorde beskryf word (*gradum inferunt*, r.3; *obturbabat*, r.7), terwyl passiewe werkwoorde weer ten opsigte van die Flaviani gebruik word (*abrumpuntur*, r.9; *nec restitui quivere*, r.8), word die kragtige optrede van eersgenoemde en die hulpeloosheid van laasgenoemde verder onderstreep. Ook die teenstelling tussen *quasi ... aucti*, en *rariore ... acie* (r.4) en tussen *denso agmine* en *laxati ordines* (r.7) beklemtoon die verskil tussen die posisie van die magte.

Nie-verbale handeling kan natuurlik ook iets van 'n karakter sê. Wanneer die seun sy pa omhels, huil, 'n graf grawe en die laaste eer aan sy pa bewys, blyk hieruit sy *pietas*.

Uit sekere handelinge vloei normaalweg sekere ander handelinge voort. Daar kan òf aan die verwagting voldoen word, òf 'n onverwagte handeling kan volg en die effek van hierdie strategieë verskil natuurlik. So tree die seun in ooreenstemming met sy woorde op wat identifikasie en simpatie met hierdie karakter bevorder. Die soldate daarenteen tree anders op as wat verwag word, en die skokeffek laat onmiddellik vrae ontstaan wat, soos hierbo aangetoon, lei na 'n dieper betekenislaag.

### 2. *Reeksvorming*

Ten slotte moet daar kortliks gekyk word na reeksvorming. Die ingebedde gedeelte waarna hier gekyk is, vorm 'n reeks van gebeure met 'n begin, middel en einde. Maar nie net op die vlak van die storie nie, maar ook op die vlak van die verhaal bestaan daar 'n siklus. Op die vlak van die storie vind daar 'n verandering van toestand plaas en deur die vertelproses, ook op die vlak van die verhaal. Die leser ondergaan ook 'n verandering (van insig).

Aan die einde van die storie veg die soldate onverpoosd voort, al noem hulle dit 'n misdaad. Aan die einde van die vertelproses is al die leser se vrae wat hy aan die begin gestel het, opgelos en kom hy tot 'n nuwe besef van die uitwerking wat burgeroorlog op individue kan hê. Die eksterne grond vir siklusvorming is die chronologie terwyl die vrae 'n spanning laat ontstaan het wat die interne grond vir reeksvorming skep.

## Slotsom

Tacitus verklaar aan die begin van sy geskiedeniswerk sy voorneme om 'n objektiewe weergawe van feite te gee. Aan die begin van die onderhawige staaltjie vermeld hy spesifiek sy bron asof hy die leser wil verseker dat hy wat volg

nie uit sy duim gesuig het nie. Tacitus wil 'n waarheid vertel, maar hierdie waarheid lê nie soseer in feitelike korrektheid nie, as in die ewige waarheid wat deur die "verhaal" blootgelê word, naamlik die tragedie van burgeroorlog.

Hoe verskil hierdie analise van die tradisionele? Myns insiens kom dit hoofsaaklik neer op 'n klemverskuiwing. Die tradisionele analise was hoofsaaklik gemoeid met 'n korrekte vertaling, interpretasie van die funksies van stylelemente en feitelike korrektheid. Groot gewag is gemaak van diskrepansie en ooreenstemming met feite wat by ander geskiedskrywers aangetref word.

Die moderne literatuurwetenskap is slegs gemoeid met die teks self as afgeronde geheel. Dit het met waarheidsgetrouheid en vergelyking met ander werke niks te make nie. Die teks word slegs aan homself gemeet en slegs die letterkundige "waarheid" is van belang. Die analise word verder onderneem aan die hand van 'n paslike model. Daar is dus nie sprake van lukraak "raaksien" van losstaande elemente in die teks nie. 'n Stewige grondslag word gegee waarop die analise gebaseer word. Die klem verskuif van Tacitus as geskiedskrywer na Tacitus as meester van die letterkunde.

**BRONNE**

Barthes, R. 1975. *S/Z*. Londen. [1970]].

Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde*. Pretoria.

Du Plooy, H. 1986 *Verhaalteorie in die twintigste eeu*. Durban.

Moore, C.H. 1952. *Tacitus, the Histories*. Londen.